**Woensdag 13 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:5-14 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:10**

## Jesus Christus is *die* Naam waardeur ons kinders van God genoem word

"Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?" Petrus en Johannes moet hierdie vraag beantwoord. Daar is agterdog teen hulle. Hulle het 'n man gesond gemaak en hierdie genesing het 'n ongemak veroorsaak. Hoe het hulle dit reggekry? Voor hulle staan die owerstes en ouderlinge, die skrifgeleerdes, Annas die hoëpriester, Kajafas, Alexander en almal wat van die hoëpriesterlike familie was.

Dit is Petrus, onder leiding van die Heilige Gees, wat antwoord. Ons kan antwoord op julle vraag. Ons *kan* die agterdog beantwoord. Laat dit bekend wees, laat niemand dit stilhou nie – dit is in die Naam van Jesus Christus, die Nasarener – in sy Naam het ons hierdie man gesond gemaak. Die fokus is nie op die genesing nie, die fokus is op die Naam in Wie gesond gemaak is.

- Hy was dié Een wat hulle gekruisig het.
- Hy was dié Een wat deur hulle as steen afgekeur is, maar die Hoeksteen geword het.
- Hy is dié enigste Een in Wie se Naam daar saligheid is.
- Hy is dié enigste Naam onder Wie ons gered word.

Die antwoord van Petrus is dus eenvoudig: In die Naam van Jesus Christus. Ons word kinders van God genoem en ons is dit ook, ons kan dit wees, ongeag wie ons is, wat ons het, wat ons konteks is. In die Naam van Jesus Christus word ons kinders van God genoem.

Hierdie wete oorweldig ons, dit is te veel vir ons begrip. Ons sug net dankbaar saam: *Laat u Naam geheilig word.*

*Sing: Psalm 118:11 (1936)*

*Ds. JH (Hannes) Noëth (Totiusdal)*